



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

150 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 B

1.1.2 A

1.1.3 C

1.1.4 A

1.1.5 D

1.1.6 C

1.1.7 C

1.1.8 C

1.1.9 B

1.1.10 D

1.2 1.2.1 E

1.2.2 J

1.2.3 B

1.2.4 H

1.2.5 C

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 Kontrasverhouding
 - 2.1.2 beta
 - 2.1.3 Eksportering
 - 2.1.4 MID
 - 2.1.5 RAM
- 2.2 Uitbreiding van die volgende akronieme. (Korrekte bewoording **MOET** gegee word.)
 - 2.2.1 **GPS** – Globale Posisioneringstelsel (*Global Positioning System*)
 - 2.2.2 **RFID** – Radiofrekwensie-identifikasie (*Radio Frequency Identification*)
 - 2.2.3 **HDMI** – *High-Definition Multimedia Interface*
 - 2.2.4 **Wi-Fi** – *Wireless Fidelity*
 - 2.2.5 **USB** – Universele Seriebus (*Universal Serial Bus*)

AFDELING B

VRAAG 3 STELSELTECHNOLOGIEË

3.1

Vraag- nommer	Naam van hardeware/ sagteware	Hooffunksie
3.1.1	Draadlose oordoppies (<i>earbuds</i>)/ oorfone	<p>Verbinding, of paring, met die toestel wat jy wil gebruik deur 'n radio- of infrarooisein om na enige klank te luister.</p> <p>OF</p> <p>Kopfone wat met 'n toestel soos 'n slimfoon, stereoluidspreker, televisie, speletjieskonsole, rekenaar of ander elektroniese toestelle verbind sonder om 'n draad of kabel te gebruik om na enige klank te luister.</p> <p>OF</p> <p>Die oordoppies maak 'n verbinding met die foon, die foon bepaal watter tipe toestel die kopfone is en wanneer jy dan musiek speel, stuur die foon die oudiodata na die kopfone wat die data dekodeer en klank speel op dieselfde manier as standaard-luidsprekers.</p> <p>(Enige geskikte antwoord wat 'n toestel noem wat met die oordoppies verbind om na enige klank te luister)</p>
3.1.2	Snipping Tool/Snip and sketch	<p>Skermgreepnutsprogram wat in Windows Vista en latere weergawes ingesluit is wat skermgrepe op 'n verskeidenheid van maniere kan neem.</p> <p>OF</p> <p>Neem 'n kiekie om woorde of beelde van jou hele PR-skerm of 'n gedeelte daarvan te kopieer.</p> <p>OF</p> <p>Snipping Tool is 'n skermgreepnutsprogram van Microsoft Windows om skermgrepe te skep.</p> <p>(Enige geskikte antwoord wat aandui dat dit vir skermgrepe gebruik word)</p>
3.1.3	SSD/ vastetoestand- aandrywer Moenie net M2 aanvaar nie, kan SSDM2	<p>'n SSD is 'n tipe massabergingstoestel soortgelyk aan 'n hardeskyfaandrywer (HDD). Dit ondersteun die lees en skryf van data en handhaaf gestoorde data in 'n permanente toestand selfs sonder krag.</p> <p>OF</p> <p>'n Vastetoestand-bergingstoestel wat geïntegreerde stroomkringmonterings gebruik om data permanent te stoor, tipies deur flitsgeheue te gebruik, en as sekondêre berging in die hiërargie van rekenaarberging funksioneer.</p> <p>OF</p> <p>'n Vastetoestand-bergingstoestel is 'n nievlugtige bergingstoestel.</p> <p>(Enige geskikte antwoord wat aandui dat dit 'n sekondêre bergingstoestel is)</p>

3.1.4	Stuurbal	<p>'n Stuurbal is 'n toevoertoestel wat gebruik word om bewegingsdata in rekenaars of ander elektroniese toestelle in te voer. Dit dien dieselfde doel as 'n muis, maar is ontwerp met 'n beweeglike bal aan die bokant wat in enige rigting gerol kan word.</p> <p>OF</p> <p>Die stuurbal is 'n onderstebo muis wat op die plek binne 'n sok roteer. Die gebruiker rol die bal om die wyser na die verlangde plek op die skerm te stuur en kan een van twee knoppies (identies aan muis-knoppies) naby die stuurbal klik om werkskerm-objekte te kies of die wyser vir tekstoevoer te posisioneer.</p> <p>OF</p> <p>'n Stuurbal is 'n wystoestel bestaande uit 'n bal wat gehuisves word in 'n sok wat sensors bevat om rotasie van die bal te bespeur.</p> <p>OF</p> <p>Toevoertoestel wat deur mense met gestremdhede gebruik word in plaas van 'n muis.</p> <p>(Enige geskikte antwoord wat die gebruik van 'n bal vir toevoer verduidelik)</p>
-------	----------	---

3.2 Primêre geheue:

Is die komponent van die rekenaar wat data, programme en instruksies hou wat tans in gebruik is

OF

Hoofgeheue in 'n rekenaar/direk toeganklik deur SVE

Voorbeeld: RAM/flitsgeheue/kasgeheue

Sekondêre berging:

Nievlugtige geheue wat toeganklik is deur 'n toestel wat deel is van 'n rekenaarstelsel/nie direk toeganklik deur die SVE nie.

OF

Permanente of langtermynberging/dit behou sy data met of sonder elektriese krag.

Voorbeeld: HDD/SSD/ROM

Verwyderbare berging: enige tipe bergingstoestel wat van 'n rekenaar verwyder kan word terwyl die stelsel loop/inprop-en-speel-berging.

Voorbeeld: USB-flitsaandrywer, CD's, DVD's en eksterne hardeskyf.

3.3 3.3.1 Grafika-/Videokaart

3.3.2 HDMI

- 3.3.3
- Dit is ou tegnologie (verouderd)
 - Dit ondersteun nie klank nie
 - Dit ondersteun nie hoëresolusievideo nie
 - Dit ondersteun nie hoër verfristempo's nie
 - Die analoogsein is meer vatbaar vir steurings
 - Baie moderne toestelle kan nie met hierdie poort verbind nie
- (Enige **TWEE** van bogenoemde)

- 3.4
- Stilus/apple pencil/ipencil/elektroniese pen
 - Grafikatablet
 - Digitale tablet
 - Raakskerm
 - Interaktiewe witbord
 - Skandeertoestel
- (Enige **EEN** van bogenoemde)

3.5 Maak die Task Manager oop

OF

Druk Ctrl+Alt+Del / shift Q om te Force quit (apple) / info force quit

Kies die taak/program wat ophou werk het en termineer die program.

- 3.6
- Jy kan die sagteware van enige rekenaar met 'n Internetverbinding gebruik.
 - Sagteware is altyd op datum.
 - Jy hoef nie sagteware af te laai en dit op jou rekenaar te installeer nie, wat bergspasie bespaar.
 - Die hardewarevereistes van die rekenaar of toestel wat jy gebruik om die sagteware te loop is nie so hoog nie, wat beteken jy hoef nie jou rekenaar op te gradeer nie.
 - Versoenbaarheidskwessies is gewoonlik nie 'n probleem nie.
 - Baie aanlyn toepassings voorsien ook gratis aanlyn bergspasie.
 - Data is outomaties gestoor en gerugsteun
- (Enige **TWEE** van bogenoemde)

VRAAG 4 INTERNET- EN NETWERKTECHNOLOGIEË

- 4.1
- Deling van hardeware
 - Deling van sagteware/bywerkings
 - Sosiale netwerke/speletjies
 - Deling van 'n Internetverbinding
 - Gesentraliseerde sekuriteit
 - Gesentraliseerde databerging
 - Verdeling van werklading
 - Kommunikasie tussen toestelle/mense
- (Aanvaar geskikte voorbeelde van take of tegnologieë, byvoorbeeld lêerdeling, roosterverwerking, deling van drukkers)
(Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 4.2
- 4.2.1
- Die videomateriaal word in groot datalêers vervat.
 - Netiket vereis dat groot aanhegsels nie gestuur word nie/Moenie groot lêers e-pos nie.
 - Groot e-posaanhegsels kan geblokkeer/as spam gemerk/gekorrupteer word/swak kwaliteit.
 - Bandwydtebeperkings/stadig om op te laai of af te laai.
 - Datakoste per MB/GB.
- (Moenie enige antwoord oor privaatheid/programroof/formaat van die video aanvaar nie.)
(Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 4.2.2
- Podsending beteken dat video-/klankgrepe aanlyn beskikbaar gestel/gepubliseer word (oplai/aflai) vir aflaidoeleindes of om aanlyn na te luister.
- 4.2.3
- SMS
 - Blogplasing
 - Webwerfbywerking
 - RES-voer
 - E-pos
 - Kitsboodskap/Toep-kennisgewing
- (Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 4.3
- 4.3.1
- SOHO/Kleinkantoor-huiskantoor-netwerk
OF
HAN/Huisareanetwerk
- 4.3.2
- Voordele:**
- Toeganklikheid – huisareanetwerk gee beter toeganklikheid vir die toestelle in die netwerk om toegang tot Internetverbinding te verkry.
 - Hulpbrondeling – in die huisomgewing
 - Maklik om te installeer en te konfigureer
 - SOHO-netwerkinfrastruktuurtoestelle is teen laer pryse beskikbaar.
 - Lae kapitaalluitgawe – laer kapitaalluitgawe is nodig in vergelyking daarmee om 'n huis en 'n kantoor te hê.
 - Die besparings in terme van beide geld en tyd om nie werk toe en terug te reis nie.
- (Enige **TWEE** van bogenoemde)

- 4.3.3 VPN is 'n netwerk wat via die Internet geïmplementeer word om die gebruiker in staat te stel om anoniem op 'n beskermde netwerk aan te teken van 'n afgeleë plek af.
- 4.4 Sosiale manipulasie verwys na die gebruik van misleiding om iemand te manipuleer of te "verkul" om vertroulike inligting te verskaf (soos 'n wagwoord of rekeningnommer) of om toegang tot hul rekenaar of perseel te verleen.
- 4.5
- Kan skakels na boosware dra
 - Irriterend/Onderbrekend/Hinderlik
 - Bespaar bandwydte/data.
 - Onvanpaste inhoud
- (Enige **EEN** van bogenoemde)
- 4.6
- Blaai wat flitsgrafika gebruik, laai nie of is baie stadig en kan veroorsaak dat jou toestel vries of ineenskort.
 - Blaai wat groot grafika of tabelle gebruik, vertoon dalk nie korrek nie na gelang van jou skerm en sy resolusie (non-responsive design).
 - Blaai wat op opwipvensters vir datatoevoer steun, kan dalk nie korrek werk nie.
- (Enige **TWEE** van bogenoemde)

VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR

- 5.1 5.1.1
- Gee instruksie oor die formaat van die datum wat gebruik moet word/Input-masker).
 - Stel die formaat (invoeg) van die datumselekteerder wat gebruik word.
 - Gee afsonderlike selle/kolomme om die respondent te dwing om 'n syfer per sel in te sleutel.
- (Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 5.1.2 Dit beteken dit is verpligtend/nodig om data in daardie veld in te sleutel.
- 5.1.3 Verduideliking: om 'n URL te verkort/kompakteer/nie so lank soos URL nie
Voordeel: makliker om te kopieer/plak/deel/onthou/tik/minder foute/neem minder spasie op/herbestem
- 5.2 **TOEVOER: (bespeur)**
Inligting oor die suurstofvlakke en die temperatuur word van die sensors versamel en na die mikroverwerker gestuur
- VERWERKING: (verander)**
As temperatuur < 25 °C OF temperatuur teen gestoorde waarde gekontroleer, stuur mikroverwerker sein na verwarmers/aandrywer/klep om verwarmers aan te skakel.
As suurstofvlak < 20 dpm OF suurstofvlak teen gestoorde waarde gekontroleer, stuur mikroverwerker sein om klep/suurstoftoevoer oop te maak.
- AFVOER: (aanpas)**
Korrekte vlak van suurstof en temperatuur word gehandhaaf
Laat 'n alarm afgaan indien vlakke nie korrek is nie
- 5.3 **Sensor A**: temperatuur
Sensor B: suurstof

VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

- 6.1 6.1.1 **Strikroof** is 'n vorm van Internetbedrog wanneer 'n e-pos gestuur word wat poog om waardevolle inligting soos kredietkaartbesonderhede, ID-nummer, PIN, ens. te verkry.

OF

Strikroof is 'n tipe sosiale manipulasie-aanval wat dikwels gebruik word om gebruikersdata te steel, waaronder aantekenbesonderhede en kredietkaartnommers.

OF

Strikroofaanvalle is die praktyk om bedrieglike kommunikasie te stuur wat lyk asof dit van 'n eerbare bron af kom. Dit word gewoonlik deur e-pos gedoen. Die doel is om sensitiewe data soos kredietkaart- en aantekeninligting te steel, of om boosware op die slagoffer se masjien te installeer.

Spoefery:

Kuberkriminele maak 'n vals kopie van 'n bank se webwerf wat presies soos die bank se webwerf lyk maar dan 'n URL skep wat kliënte sal herlei na die webwerf wat op hul eie bediener gestoor is.

OF

Spoefery is die handeling om 'n kommunikasie van 'n onbekende bron te vermom as komende van 'n bekende, vertroude bron. Spoefery kan op e-pos, telefoonoproepe en webwerwe van toepassing wees.

OF

Spoefery is 'n spesifieke tipe kuberaanval waarin iemand probeer om 'n rekenaar, toestel of netwerk te gebruik om ander rekenaar-netwerke te bedrieg deur hom as 'n wettige entiteit voor te doen.

(Strikroof het ten doel om persoonlike inligting in die hande te kry deur die gebruiker te oortuig om dit direk te verskaf; spoefery het ten doel om 'n identiteit te steel of te versteek sodat kwaadwillige aktiwiteit kan begin.)

- 6.1.2
- Vermy die gebruik van openbare terminale vir Internetbanksake.
 - Wees bewus van die hoër risiko van die steel van data deur 'n draadlose verbinding te gebruik.
 - Moet nooit toegang tot 'n bankwebwerf verkry deur 'n skakel in 'n e-pos te gebruik nie. Tik eerder die adres in die adresbalk in die webblaaier.
 - Stel sterk wagwoorde.
 - Hou jou rekenaars en mobiele toestelle op datum.
 - Hou persoonlike inligting persoonlik. Moenie ID-nommers, rekeningnommers of 'n PIN deel nie.
 - Installeer teenvirussagteware op jou rekenaar of netwerk, waaronder antispioenware, antispam en brandmuur.
 - Vermy nieveilige webwerwe en gebruik slegs webwerwe met 'n URL wat begin met "https/" of waar 'n slotjie aanwesig is.
 - Moenie lêers van 'n onbekende webwerf aflaai nie.
 - Moet nooit reageer op e-pos of boodskappe wat inligting versoek nie.
 - Bewustheid om ingelig te word van aanlynbedrog
(Enige **DRIE** van bogenoemde redes)
- 6.2
- 6.2.1
- Breër gehoor/publisiteit
 - Goedkoop reklame
 - (Onmiddellike) terugvoer van klante
 - Goedkoop/Effektiewe manier om direk met klante te kommunikeer, byvoorbeeld reklame, ens.
 - Toegespitste reklame, ens.
 - Omgewingsbewustheid/vriendelikheid
(Enige **TWEE** van bogenoemde voordele)
- 6.2.2
- Gebruik van GPS-tegnologie, byvoorbeeld aanwysings
 - Gebruik van die Internet, byvoorbeeld vir die vermaak van sekuriteitswagte wat lang afstande reis
 - Bywerkings van die motor se sagteware
 - Verkeersopdaterings/inligting direk na die motor
 - Afstandsmonitering vir sekuriteit/Voertuignasporing
 - Afstandsmonitering van prestasie/instandhouding van die motor, ens.
(Enige **TWEE** van bogenoemde voordele)
- 6.3
- Gebruik tegnologie vir doeltreffende liassering, daaglikse beplanning, gunsteling, ens./Installeer en gebruik produktiwiteitstoepassings
 - Verfyn/Filtreer/Verminder inligting, byvoorbeeld filtreer e-pos, bepaal vertroude bronne van inligting, RES-voer, moenie op te veel werwe inteken nie, ens.
 - Effektiewe soekvaardighede, byvoorbeeld gevorderde soekfunksies van blaaiers..
 - Beperk tyd/verminder skermtyd, ens.
(Enige **TWEE** van bogenoemde redes)

VRAAG 7 OPLOSSINGONTWIKKELING

7.1 7.1.1 Kopskrif/Voetskrif/Watermerk

7.1.2 'n Bykomende brokkie inligting wat onderaan 'n bladsy gedruk word om verwysings (outeur, datum) te maak of om kommentaar of bykomende inligting by te voeg.

7.1.3 Voeg 'n styl by die opskrifte by/Stel die inhoudsopgawe om 'n ander styl te gebruik.

7.2 7.2.1 Leerder_nommer

7.2.2 Naslaanassistent (*Lookup wizard*) / Lookup-oortjie

7.2.3 Teks/Kort teks

7.2.4 Eienskap van die verslag: Groepering

7.2.5 Verslagvoetskrif

7.3 7.3.1 Formateer die sel as getal/Vul die formaat outomaties in

7.3.2 Total days * number of people * rate

OF

= F6 * G6 * \$E\$3 (aanvaar E3 sonder die \$)

7.3.3 Die formule is outomaties ingevul en die tarief (sel E3) was nie 'n absolute seladres nie

AFDELING C

VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO

- 8.1 8.1.1 Rekenaar A
- Goedkoper
 - Hoër spesifikasies
 - Vinniger verwerking
 - Groter monitor
 - Muis (sommige mense kan ongemaklik wees om met 'n raakpaneel te werk)
 - Besikbaarheid van 'n waarborg
(Enige **TWEE** van bogenoemde)

OF

- Rekenaar B
- Mobiliteit
 - Meer bergspasie
 - Windows 10 geïnstalleer
(Enige **TWEE** van bogenoemde)

- 8.1.2
- SVE/Verwerker
 - RAM
 - Hardeskyfaandrywer
(Enige **TWEE** van bogenoemde redes moet in die advertensie wees)

- 8.1.3 RAM/primêre geheue

- 8.1.4 'n Opgeknapte rekenaar is een wat gebruik is, maar 'n stel toetse en herstelwerk ondergaan het voor dit te koop aangebied word.

- 8.1.5
- Eksterne hardeskyfaandrywer
 - Flitsaandrywer
 - Blu-ray DVD
 - Wolkberging, byvoorbeeld SkyDrive, Dropbox, Google Drive
 - Geheuekaart
(Enige **TWEE** van bogenoemde)

- 8.2 8.2.1
- Makliker om toestelle/rekenaars by die netwerk by te voeg
 - Voorsien mobiliteit vir gebruikers/toerusting
 - Het nie te doen met kables wat rondlê nie
 - Makliker om te gebruik waar bekabeling moeilik/onprakties is, ens.
(Enige **TWEE** van bogenoemde voordele)

- 8.2.2 (Draadlose) Roeteerder/Toegangspunte/Portaal/herhaler/versterker/
WAP

- 8.3 8.3.1 'n IDV (Internetdiensverskaffer) is 'n maatskappy wat 'n permanente, vinnige verbinding met die Internet het. Hierdie maatskappy verkoop Internettoegang en -dienste aan individue of organisasies vir 'n maandelikse tarief. Met ander woorde, die Internetkafee sal met die Internet verbind via die IDV se verbinding.
- 8.3.2 MTN, Vox, MWEB, Vodacom, HeroTel, Supersonic, Telkom, Cell C, Cool Ideas, Afrihost, Axxess, RSAWEB, Internet Solutions, Webafrica, Home Connect, Rain, ens. (enige geskikte voorbeeld)
- 8.3.3
- Voorsien 'n e-posadres
 - Huisves webblad
 - Faks-na-e-pos
 - Spamfiltreerdienste
- (Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 8.3.4 Bandwydtebeperking is 'n doelbewuste vertraging van beskikbare bandwydte. Met ander woorde, dit is 'n doelbewuste verlaging van die "spoed" wat tipies oor 'n Internetverbinding beskikbaar is.
- 8.4 8.4.1 Plaas die <hr/>-merker in die inhoud van die HTML-dokument
- 8.4.2
- Gebruik 'n fontmerker
 - Verander die <h1>-merkers na ander merkers (kleiner grootte) soos <h2> of <h3>, ens.
- (Enige **EEN** van bogenoemde)
- 8.4.3 *Colour* moet *color* wees

VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)

- 9.1 9.1.1 Elke bedryfstelsel gebruik ander argitektuur en het ander maniere om 'n koppelvlak met sagteware te vorm.

OF

'n Ander "weergawe" moet vir elke bedryfstelselplatform geskryf word.

- 9.1.2 Indien 'n speletjie geïnstalleer is deur Windows 8 te gebruik en dit werk steeds wanneer die bedryfstelsel tot Windows 10 opgedateer word, het dit terugwaartse versoenbaarheid. (Aanvaar enige korrekte voorbeeld)

- 9.1.3 Beheerpaneel/Speletjie-instelling, verander muiswyser

- 9.2 9.2.1 Kopgemonteerde vertoon OF Virtuele realiteit (VR) -kopfoon

- 9.2.2 'n Inproptoestel is sagteware wat 'n spesifieke eienskap/ funksionaliteit by bestaande sagteware byvoeg.

OF

Spesiale program wat nodig is om dit vir die gebruiker moontlik te maak om spesiale effekte (gewoonlik multimedia-effekte) te sien.

- 9.2.3 Indien hierdie toestel inproptoestelle ondersteun, kan 'n program van die web gebruik word om ingebedde audio- en videolêers te speel.

OF

Ingebedde audio- en videolêers kan gespeel word sonder dat 'n toegewyde mediaspeler nodig is.

OF

3D-ervaring

- 9.3
- Beweging
 - Klank
 - Lig
- (Enige **TWEE** van bogenoemde)

- 9.4
- Stemherkenningsagteware.
 - Klein wyser op 'n helm wat as 'n muis gebruik word.
 - Voetpedaaltoestelle.
 - Bewegingsensor
- (Enige **TWEE** van bogenoemde)

9.5 9.5.1 Virtuele realiteit

Virtuele realiteit verhoog gebruikersdeelname deur die gebruiker na 'n wêreld van virtuele realiteit te bring.

OF

Die gebruik van rekenaarmodellering en -simulasie wat 'n persoon in staat stel om wisselwerking met 'n kunsmatige driedimensionele (3D) visuele of ander sensoriese omgewing te hê.

OF

'n Rekenaargegenereerde omgewing met tonele en voorwerpe wat werklik lyk en die gebruiker laat voel dat hy/sy deel is van die omgewing.

Uitgebreide realiteit

Uitgebreide realiteit skep 'n effek van digitale inhoud wat met die wêreld in wisselwerking tree deur geprojekteerde beelde bo-op 'n toestel met mekaar te laat oorvleuel.

OF

UR is 'n versterkte weergawe van die fisiese wêreld wat bewerkstellig word deur die gebruik van digitale visuele elemente, klank of ander sensoriese stimuli wat via tegnologie gelewer word/is tegnologie wat ons van virtuele objekte en inligting in ons gesigsveld voorsien.

- 9.5.2
- Vanweë die feit dat die inhoud nie werklik is nie, kan dit 'n gebruiker se belangstellings of smake verberg of verskraal en antisosiale gedrag.
 - Die bemaking en advertering van UR-toestelle kan 'n negatiewe effek op die samelewing hê as gevolg van kubermisdaad en boosware-infektering.
 - Taamlik duur om in alledaagse lewe te gebruik en dit kan minder toeganklik wees vir almal.
 - Bedryfstelsel moet die toepassing ondersteun.
(Enige **TWEE** van bogenoemde nadele)

9.6 9.6.1 Veldgrootte

9.6.2 Verlangde veld

9.7 Naam Selfoonnommer

9.8 Enige geskikte voorbeeld:

- Onderwysers wat 'n toets/eksamen vraestel nasien en terugvoer gee.
- Proeflees van 'n dokument.
- Ekstra aantekeninge, ens.

- 9.9 9.9.1 • Maak seker die drukker is aan/verbind
 • Korrekte drukker is gekies/kyk na drukker volgorde
 • Kontroleer of daar papier in die drukker is/daar 'n papier vassit
 • Bywerking/herinstallering van die aandrywers
 • Geen ink of poeierink
 (Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 9.9.2 • Verstel die kantlyne.
 • Verminder die fontgrootte.
 • Verminder die reëlspasiëring.
 • Pas op bladsy/verskaling
 (Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 9.10 • Stoor lêer vir die eerste keer
 • Stoor die lêer na 'n ander gids, aandrywer of plek
 • Voeg 'n wagwoord by 'n lêer by
 • Verander die lêeruitbreiding
 (Enige **TWEE** van bogenoemde oplossings)
- 9.11 'n Boekmerk identifiseer 'n plek of 'n teksseleksie wat jy benoem sodat jy dit
 maklik weer kan opspoor.

Totaal: 150 punte